WEEKBRIEF 1 ***13 JANUARIE 2017***

Geagte Fichies

Ek glo die seënreën wat sedert Kersdag (2016) geval het, die voorspel tot ‘n wonderlike 2017 is. Die gr. R-3 Fichies is al sedert Maandag besig met woel en werskaf. Tydens die eerste saalopening het leerders, ouers en personeel ‘n voorsmakie gekry van ‘n opwindende-pret-saamwerk jaar wat voorlê.

Fichies vuur op al die silinders en nuwe intrekkers is klaar tuis en deel van die Fichiespan. *Ervaar die verskil by Fichies* !

Deut. 6:6 “ en hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees”.
(Lees ook verse 7-9). Die werkwoorde inskerp; praat; vasbind en skrywe dui daarop dat die Here ‘n integrale deel van ons daaglikse bestaan moet wees en dat ons Hom moet liefhê.

Die oproep is om op die Here alleen te vertrou vir 2017.

1. **MASSABRAAI:** Jaarlikse kenmekaar-en-saamkuier-bring-en-braai

Oogmerk: Sosiale geleentheid om vriendskappe in die Fichie-skoolgemeenskap uit te brei.
Tyd: D.V. Vrydag, 20 Januarie om 18:00.
Plek: A-Rugbyveld
Reëlings: Bring u eie eet-en-drinkgoed, stoele of ‘n kombers saam. Braaivleisvure en roosters sal voorsien word. Voltooi die meegaande afkeurstrokie om u vir die graadkomitee beskikbaar te stel.

2. **SPORT**

2.1 ***Kleuratletiek***

Op D.V. Donderdag, 19 Januarie, vind die velditems (ouderdomme: o/10-13) plaas en op Vrydag vind die baanitems (o/7-13) gedurende skooltyd plaas. Dit is ’n gewone skooldag vir leerders. U sal Maandag die inligtingsbrief ontvang

.

2.2 ***Tennis en mini-tennis***

Tennis- en mini-tennisafrigting begin Maandag, 23 Januarie.

2.3 Mini-krieket – graad 1

Oefening begin eerskomende Maandag, 23 Januarie om 14:00-15:00 by die krieketnette. Spelers moet asb. hul "tekkies" aantrek asook 'n hoed; sonskerm en water saambring.

3. KULTUUR

3.1 Die Voortrekkers

Dinsdag, 24 Januarie om 16:00, word 'n inligtingsessie vir al die ou- en nuwe voortrekkers asook hul ouers in die saal gehou. Die Gr. R-voortrekkers is baie welkom om aan te sluit, aangesien daar vir hulle ook spannetjies sal wees. Voortrekkers word by hierdie geleentheid in spanne ingedeel.

3.2 Skaak

Skaakoefeninge begin op Dinsdag, 26 Januarie, om 14:00 – 15:00 vir die beginners en die res van die spelers oefen om 15:00 – 16:00 in mnr. Michael van der Walt se klas.

3.3 VCSV-lesse vir die leerders begin op Dinsdag, 24 Januarie, om 14:00 in die sangklas.

4. WERD OM TE WEET

- ***Huiswerkboeke*** is gratis by die klasonderwyser beskikbaar. Skool-, dragreëls, buitemuurse-aktiwiteite en personeel se kontak-besonderhede is hierin vervat. Voltooi asb. noodsaaklike, persoonlike besonderhede voor in u kind se huiswerkboek.
- Is al u kind se artikels, eiendom ens. duidelik gemerk?
- Weet u dat die ***klerewinkel*** op die volgende tye oop is?
  Maandag tot Vrydag vanaf 07:00 - 14:00.
- Weet u dat die skool daagliks om 07:30 vir alle leerders begin en dat hulle soos volg verdaag: Gr. R tot 3 om 13:00 / Gr. 4-7 om 13:30?
- Gee asb. inligting rakende sport/uitkomtye/reëlings ens. ook deur aan die grootouers wat na u kinders omsien of hulle vervoer. **Die kantoor ontvang baie navrae van grootouers wat nie van die nodige inligting bewus is nie.**
- ***Sluitkassies/"lockers"*** *is* @ R160,00 p.j. vir (groter kassies) en R140,00 p.j. vir (kleiner kassies) by die kantoor te huur. Verhurings kan vanaf Dinsdag, 17 Januarie, vanaf 07:00 by die betalingskantoor gedoen word. U moet self die slot/kombinasieslot voorsien.
- Vrydae word gelde net tot 13:00 by die kantoor ontvang.
- ***Leerders dra sportdrag op die volgende skooldae:***

MA	DI	WO	DO	VR
2B; 2R 3K; 3R; 3S; 3V Gr. 6 & 7	Alle gr. 1's 2B; 2C; 2S; 2R 3R; 3S; 3V, 3K Gr. 4 & 5	2B;2C;2R; 2S 3K;3R;3S;3V Gr. 6 & 7	Alle gr.1's 2C; 2S; 3K; 3R; 3S, 3K Gr. 4 & 5	

- **Weekbriewe word Vrydae uitgestuur.** Ouers moet hul vergewis van skoolinligting en –gebeure. Weekbriewe sal ook binnekort per e-pos beskikbaar wees. **Die skool moet u nuutste e-posadres, telefoon- , selnommer en woonadres op rekord hê. Vul asb. die afskeurstrokie in om aan te dui of u die weekbrief weekliks per e-pos of per hand wil ontvang.**
- ***Motorverkeer op skoolgronde***
  Weens veiligheidsredes kan ons ongelukkig nie ouers met motorvoertuie gedurende gewone skooldae op die skoolterrein toelaat nie. Laai asb. u kind by die klein hekkies af. Alle besoekers moet by ontvangs aanmeld om toestemming te kry om die skoolterrein gedurende skoolure te betree. Onderwysers mag nie gedurende lesure onderbreek word nie. Verwittig die skoolhoof van noodgevalle sodat ons u kan help. U samewerking word hoog op prys gestel.
- ***Verpigte inligtingsaande***
  Bg. vind in die skoolsaal plaas. Verseker asb. dat u die teenwoordigheidsregister onderteken.

Dag	Dat	Tyd	Gr.	Vakke
Ma.	16 Jan	18:00 19:00	5,6 7	Personeelkennismaking en inligtingsaand. – skoolsaal (regstelling ook op jaarprogram)
Di.	17 Jan	18:00	1	Verpligte ouer-inligtingsvergadering – skoolsaal (nie 19de soos in huiswerkboek)
Wo.	18 Jan	18:00	4	Verpligte ouer-inligtingsvergadering – skoolsaal
Wo.	25 Jan	18:00		Musieksentrum ouervergadering-Skoolsaal

5. ALGEMEEN

5.1 ***Skoolgelde betaalbaar*** is op die webtuiste (**www.fichies.co.za**) beskikbaar. Die verwysingsnommers (vir skool- en studiegeld) is dieselfde, maar die **bankbesonderhede** verskil. Verseker dat u die korrekte bankbesonderhede tydens inbetalings gebruik. Indien u die skoolgeld vir die jaar ten volle vooruit betaal, moet u asb. u debietorder by mev. Marna van Vuuren kanselleer.

5.2 VRYSTELLING VAN SKOOLGELD

Aansoekvorms vir die vrystelling van skoolgeld is by mev. Marna van Vuuren (by die finansiële kantoor) beskikbaar. U moet dit persoonlik afhaal en nie later as 28 Februarie weer **persoonlik** by haar terugbesorg teen handtekening.

5.3 Voltooi asb. die meegaande vorm oor die neem van foto's en stuur dit Maandag terug skool toe.

6. LIEF EN LEED

♥ Baie welkom aan die nuwe personeel wat vanjaar by ons aangesluit het:

Mej. Danice Hardenberg – gr. 6A.
Mnr. Neels Cronje – gr. 4D.
Mej. Melissa Beer los af in die plek van mev. Luzanne Strydom wat met kraamverlof is. Mej. Isèlma Parkin los af in die plek van mev. Sanmarie vd Berg wat met kraamverlof is.

8. Adjunkhoofaanstelling

Die nuwe adjunkhoofaanstelling is tot op hede nie afgehandel nie en die SBL was genoodsaak om hofaansoek te bring om aanstelling te kry. Ons sal u op hoogte hou van die vordering.

9. Die Weekbrief is ook beskikbaar op die webblad**: *www.fichies.co.za*.**

Vriendelike groete en seën!

MNR. LM KRIEL
Skoolhoof

Mev. A van Zyl
Sekretaresse

Stimulus Maksima
Lees(Afr. +Eng.) en Wiskunde-klasse Dinsdae-middae in die skool se rekenarsentrum vir Gr.1 tot Gr.7-leerders. **U kind se vordering is ons passie**! Kontak Jeanette: 0824611597 / bloemfontein@stimulus.co.za

GRAADKOMITEE tydens Massabraai verkies			
Naam en van (ouer)	Selnommer (ouer)	Naam en van (leerder)	Gr.

WEEKBRIEF- KENNISGEWING

Naam en van ouer_____

Naam en van leerder_____Gr._____

Weekbrief per hand ontvang ☐

Weekbrief per e-pos ontvang ☐